

HOËRSKOOL

HERMANUS



GEDRAGSKODE

AFDELING A

INLEIDING

1. Hierdie Gedragskode is daarop gerig om gevolg te gee aan die bedoeling van Artikel 8 van die Suid-Afrikaanse Skolewet (84 van 1996), naamlik: “om ‘n gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing wat toegewy is aan die bevordering en instandhouding van die leerproses, te vestig”.
2. Hierdie Gedragskode erken die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (108 van 1996), met besondere verwysing na die Akte van Fundamentele Regte vervat in Hoofstuk 2, ander toepaslike wetgewing en regsreëls en die Gedragskode vir personeel.
3. Hierdie Gedragskode, soos deur die Beheerliggaam aanvaar is, bevat die volgende Afdelings wat, bykomend tot die positiewe ingesteldheid van leerders en ondersteuning van hul ouers of voogde, moet dien om 'n bydrae te lewer om die goeie orde, etos, dissipline, naam en aansien van die Hoërskool Hermanus as ‘n openbare skool te handhaaf :
 - 3.1 Afdeling A: Inleiding
 - 3.2 Afdeling B: Algemene Waardebeginsels
 - 3.3 Afdeling C: Doelstellings met Skoolreëls
 - 3.4 Afdeling D: Dissiplinêre Bevoegdheid van Onderwysers
 - 3.5 Afdeling E: Skoolreëls:
 - P.7 Goeie gedrag teenoor Onderwysers, ander Personeel, Matriekraadslede, ander gedelegeerdes en die Skool as instansie;
 - P.8 Rook / Alkohol / ander dwelmmiddels;
 - P.8 Onweloweglike of aanstootlike materiaal;
 - P.9 Skoolbywoning;
 - P.10 Sport;
 - P.10 Skoolgebou en ander geriewe;
 - P.11 Geweld, krenkende optrede, ander verbiedinge, privaat eiendom en vervoermiddels;
 - P.12 Klaskamer en eksamenlokaal;
 - P.13 Klaswisseling;
 - P.13 Skool- en Sportdrag;
 - P.16 Haarstyl en voorkoms;
 - P.17 Juwelierware en ander versierings;
 - P.17 Buitemuurse bedrywighede;
 - P.18 Politiek;
 - P.18 Kontrole aktiwiteite;

- 3.6 Afdeling F: Dissiplinêre Aangeleenthede:
- P.19 Inleiding;
 - P.20 Strawwe wanneer skuldig aan 'n oortreding;
 - P.20 Voorbeelde van ernstige wangedrag;
 - P.21 Prosedure by skorsing en/of uitsetting van leerders;
 - P.21 Uitsluiting van sosiale aktiwiteite en die strafpuntestelsel;
 - P.22 Algemene Ordereëls;
 - P.22 Sellulêre telefone (selfone) en ander toestelle;
 - P.23 Algemeen;

AFDELING B

ALGEMENE WAARDEBEGINSELS

- 1 Leerders stem in en onderskryf die volgende Algemene Waardebeginsels en neem ook kennis dat daar by enige oortreding van die Skoolreëls óf opdrag óf verwagting in hierdie Gedragskode geen beletsel is om enige aanklag wat uitgemaak word, met enige van hierdie beginsels saam te lees nie:
 - 1.1 Terwyl leerders besef dat hulle oor sekere regte ingevolge die Grondwet beskik, erken hulle dat ander mense soortgelyke regte het en respekteer hulle hierdie regte. Leerders erken ook die menswaardigheid en gelykheid van alle mense en onderneem om hulle regte so uit te oefen dat ander mense nie deur sy of haar optrede benadeel word nie.
 - 1.2 Orde, dissipline en respek vir elke individu vorm die grondslag vir 'n suksesvolle en gelukkige skoolgemeenskap.
 - 1.3 Soos vir die skool, dien Christelike beginsels as grondslag vir hierdie Gedragskode.
 - 1.4 Leerders respekteer onderwysers as hul opvoeders en beloof hul heelhartige samewerking in alle redelike opdragte wat hulle van onderwysers ontvang. Leerders respekteer onderwysers as volwassenes en erken dat onderwysers se posisie, opleiding en ervaring die leerders tot voordeel strek. Daarom onderneem leerders om hul volle samewerking aan onderwysers te gee en altyd hoflik teenoor hulle op te tree.
 - 1.5 Die natuurlike omgewing is 'n geskenk van God en leerders aanvaar gesamentlike verantwoordelikheid vir die bewaring daarvan. Leerders moet waardering toon vir skoleiendom soos skoolgeboue, klaskamerinhoud en enige ander geriewe wat vir hul gebruik binne die skoolverband beskikbaar gestel is. Leerders onderneem om op 'n verantwoordelike wyse daarvan gebruik te maak en vir sover dit binne hulle vermoë is, 'n bydrae tot die instandhouding daarvan te lewer, insluitend om hul ouers aan te moedig om skoolgeld te betaal en aktiwiteite ter uitbreiding van die geriewe te ondersteun.

- 1.6 Leerders lê hul neer by die skool se reëls omdat hulle begryp dat 'n skool as instansie van opvoeding nie sonder organisatoriese en gedragsreëls kan funksioneer nie.
- 1.7 Leerders onderneem om die tydrooster te eerbiedig deur stiptelik teenwoordig te wees by die aanvang van die skooldag, algemeen aanwesig te bly en klas by te woon gedurende elke periode waarby hul betrokke is. Aangesien deurlopende klasbywoning noodsaaklik is, moet dokters- en tandartsafsprake tydens vasgestelde skoolure tot noodsaaklike behandeling beperk word. Toestemming vir die aflê van motor- en leerlingrybewystoetse tydens skoolure sal eweneens net in ongewone omstandighede verleen word.
- 1.8 Leerders aanvaar gesag van onderwysers en alle persone wat aangewys is vir beheer, orde en dissipline in die skool en sal hom of haar aan toepaslike strawwe onderwerp wanneer hy of sy skuldig is aan oortreding van die reëls in hierdie Gedragskode. Verder aanvaar leerders dat die term instansie, waarna ook elders in hierdie Gedragskode verwys word, ook die skool in sy geheel bedoel.
- 1.9 Leerders aanvaar die vormingswaarde van sport, kultuur, akademiese en sosiale aktiwiteite en sal graag as 'n aktiewe deelnemer of lojale ondersteuner betrokke wees. Paslike optrede en voorkoms by sulke geleenthede dra by tot die uitbouing van 'n positiewe beeld van die skool. Leerders onderskryf daarom dat skoolreëls ook by wedstryde, uitstappies en enige ander buite-kurrikulêre byeenkomste, hetsy by die skool of nie, ter wille van die goeie orde, opvoedingswaarde, samehorigheid, veiligheid van persone, dissipline en die skool se goeie naam, sal geld.
- 1.10 Eenvormige skooldrag dra by tot eenheid van sin en strewe. Die skoolwapen versinnebeeld die gesamentlike strewe van leerders, ouers en personeel. Omdat skooldrag en paslike voorkoms gevestigde waardes van die skool en die gemeenskap verteenwoordig, sal leerders die skooldrag op 'n wyse dra wat met die voorskrifte van persoonlike voorkoms gepaardgaan.
- 1.11 Leerders kan alleen baat vind by onderwys indien hulle behoorlik by die leergebeure in die klaskamer betrokke raak. Leerders aanvaar dat gedrag wat ontwrigtend op die onderrigproses inwerk, nadelig vir hulself en andere is en sal hulle daarvan weerhou en ook sulke gedrag afkeur. Leerders besef die waarde van huiswerk en sal dit getrou doen. Eerlikheid is deel van 'n onkreukbare karakter en leerders sal daarom te alle tye eerlik wees tydens evaluering en nie toelaat of aanvaar dat ander leerders oneerlik optree nie.
- 1.12 Wanneer leerders by enige aktiwiteit van die skool betrokke is, hetsy tydens of na skoolure, op of weg van die skoolterrein, rus daar op elkeen 'n algemene plig om 'n bydrae tot ordelike en behoorlike gedrag te lewer ten einde 'n leerder se leerervaring, die skool se goeie naam, etos, orde en dissipline te bewaar en te versterk.
- 1.13 Leerders word aangemoedig om geleenthede te benut om op verskeie vlakke spesifieke bydraes te lewer wat die skoolbestuur kan verbeter, deur byvoorbeeld verteenwoordiging in die volgende hoedanighede: As die lede van die Verteenwoordige Raad van Leerders (VRL) op die Beheerliggaam wat leerders verteenwoordig, as klasleiers of spankapteins, as voorsitters van akademiese of sosiale verenigings ens.. 'n Leerder sal, ongeag die hoedanigheid waarin hy/sy dien, die belange van die skool vooropstel en nie persoonlike gunste of bevoordeling soek nie.

AFDELING C

DOELSTELLINGS MET SKOOLREËLS

- 1 Reëls word opgestel om die waardes wat in die Gedragskode bedoel word te laat geld. Reëls het dus ten doel:
 - 1.1 Om aan elke leerder die volle geleentheid te gee vir optimale verwesenliking van sy/haar vermoëns en talente;
 - 1.2 Om aan elke leerder die geleentheid te gee om hom/haar maksimum voor te berei om 'n nuttige landsburger te wees;
 - 1.3 Om aan elke leerder as 'n unieke individu, met sy/haar besondere eienskappe en behoeftes, sekuriteit en geborgenheid in die skoolgemeenskap te bied;
 - 1.4 Om leerders die beginsel aan te leer om in 'n gees van samewerking en ondersteuning vir mekaar om te gee en mekaar se belange op die hart te dra;
 - 1.5 Om vir elke leerder 'n veilige omgewing te skep waar fisiese beserings, fisiese of verbale aantasting vermy word;
 - 1.6 Om deur behoorlike kommunikasie tussen die skool en ouers aan elke leerder die beste te bied;
 - 1.7 Om leerders 'n positiewe waardestelsel oor beginsels soos: samewerking, respek, bedagsaamheid en verdraagsaamheid, aan te leer en te versterk;
 - 1.8 Om leerders te oortuig om gesag te aanvaar en in ordelikheid te funksioneer, ten einde as verantwoordelike en gedissiplineerde volwassenes te ontwikkel;
 - 1.9 Om leerders so op te voed dat hulle mense sal wees wat in 'n persoonlike verhouding met hul Skepper staan en wie se geloof in gesonde lewenswaardes en 'n positiewe lewensuitkyk weerspieël word;
 - 1.10 Om deur deeglike onderrig leerders te lei om akademies hulle volle potensiaal te verwesenlik;
 - 1.11 Om mee te werk aan die ontwikkeling van hoogstaande karakter;
 - 1.12 Om die deugde van netheid, dissipline en vaderlandsliefde in te skerp;
 - 1.13 Om deur sportdeelname en kultuuraktiwiteite onder meer leerders liggaamlik en geestelik te ontwikkel en 'n gesonde en vrugbare leefwyse aan te kweek.

AFDELING D

DISSIPLINÊRE BEVOEGDHEID VAN ONDERWYSERS

1. Elke onderwyser is bevoeg om teen 'n leerder wat hom of haar wangedra of steurend, ontwrigtend, tydverkwistend of op enige wyse strydig met hierdie Gedragskode optree, op een of meer van die volgende wyses, ooreenkomstig hierdie Gedragskode en met inagneming van die onderlinge reëling tussen personeel, soos wat hy of sy oordeel, op te tree. Met dien verstande, met onderlinge reëling word bedoel dit wat verband sal hou met aspekte soos, alhoewel nie daartoe beperk nie, tussen-onderwyser-verspreiding van inligting oor oortredings en optrede teen leerders, administrasie ten aansien van dissiplinêre optrede, praktiese reëlins oor die uitvoering van enige bevoegdheid ingevolge hierdie Gedragskode of delegasie en prosedure ten aansien van die verwysing van wanoptrede vir dissiplinêre ondersoek en uiteindelijke verhoor deur die Beheerliggaam:
 - 1.1 Gesprek met die leerder;
 - 1.2 Waarskuwing;
 - 1.3 Oortreding op die strafpuntestelsel aan te teken;
 - 1.4 Rapportering aan die betrokke klasonderwyser, graadhoof, adjunkhoof of skoolhoof vir hantering;
 - 1.5 Op die wyse soos onderling besluit, 'n leerder uit die klas te sluit om die versuim of oortreding aan te spreek en/of reg te stel of sodat 'n onderneming deur die leerder gegee kan word om sy/haar gesindheid te verander;
 - 1.6 Detensie vir die leerder, soos voorgeskryf;
 - 1.7 Ouers te skakel;
 - 1.8 Ouers skriftelik in kennis te stel;
 - 1.9 'n Dissiplinêre ondersoek met die oog op 'n dissiplinêre verhoor aan te beveel;
2. Niks in hierdie Gedragskode sal die uitwerking hê om te verhoed dat enige onderwyser in die geval van enige skending van sy of haar regte ten aansien van liggaams- of persoonlikheidsintegriteit of eiendomskade ook ander remedie kan opsoek nie.

AFDELING E

SKOOLREËLS

1. IN GOEIE GEDRAG TEENoor DIE PERSONEEL, LEERDERRAADSLEDE, ANDER GEDELEGEERDES EN DIE SKOOL AS INSTANSIE,

sal 'n leerder:

- 1.1 Alle opdragte deur die personeel, die Matriekraad of Verteenwoordigende Raad van Leerders, hierna die leerderraad, of 'n gedelegerde, wat redelikerwys met die skool in verband staan, nakom en nougeset uitvoer;
- 1.2 In optrede teenoor 'n personeellid, sowel as 'n leerderraadslid, te alle tye onberispelik, beleefd en respekvol wees. Daarom sal 'n leerder op geen stadium, hetsy op die skoolterrein of nie, op enige wyse onbeskof of minagtend teenoor 'n personeellid of leerderraadslid optree of 'n personeellid of leerderraadslid op enige wyse vloek of skeltaal teenoor hom of haar gebruik nie. Met dien verstande, enige nie-verbale optrede wat daarop gemik is om dieselfde boodskap oor te dra, is hierby ingesluit;
- 1.3 Op of van die skoolterrein nie enige geweld, hetsy direk of indirek, teenoor 'n personeellid of 'n leerderraadslid gebruik of enige dreigemente van geweld, hetsy direk of indirek, uiter of op enige wyse meedeel of bekend maak of daarby betrokke wees of dit organiseer nie, met inbegrip van intimidasie;
- 1.4 Op geen stadium enige eiendom van enige personeellid of leerderraadslid beskadig of enige handeling verrig wat skade as oogmerk het nie;
- 1.5 Ten alle tye, wanneer in skooldrag, behoorlik en netjies in die voorgeskrewe skooldrag geklee wees en behoorlik optree. Geen leerder, uitkenbaar as 'n leerder verbonde aan hierdie skool sal op 'n wyse optree wat die naam van die skool in onguns of oneer bring of kan bring nie, hetsy tydens óf na skoolure óf op of buite die skoolterrein, ongeag of dit in die sorg of onder die toesig van die skool is;
- 1.6 Nie op 'n oneerlike wyse optree nie, hetsy om voordeel van een of ander aard te soek of nie of op enige bedrieglike wyse misleidend teenoor die skool te wees nie;
- 1.7 Hom/haar aan die skool se reëls onderwerp en voldoen aan nakoming van 'n strafmaatreël wat vir oortreding van hierdie Gedragskode opgelê is;
- 1.8 Nadat hy/sy behoorlik daarvoor ingelig is:
 - 1.8.1 Nie sonder 'n grondige verskoning van dissiplinêre verrigtinge afwesig wees nie;
 - 1.8.2 Wanneer hy/sy sodanige verrigtinge bywoon en dit vir die duur daarvan nodig is om aanwesig te wees, wel aanwesig bly.

2. ROOK / ALKOHOL / ANDER DWELMMIDDELS

- 2.1 Geen leerder mag op die skoolterrein of op enige ander perseel of plek, terwyl in die sorg of onder toesig van die skool, rook of enige tabakprodukt besit of alkohol of enige ander dwelmmiddel besit of gebruik of onder die invloed daarvan wees nie, hierby ingesluit is enige kunsmatige of elektroniese rookprodukte of die gebruik van enige middel met die bedoeling om 'n narkotiese uitwerking te hê of wat sodanige uitwerking kan hê;
- 2.2 Geen leerder mag rook of in besit van enige tabakprodukt, of alkohol, of enige ander dwelmmiddel wees, of dit gebruik, of onder die invloed daarvan wees in enige openbare plek in skooldrag, of enige gedeelte van skooldrag waar hy/sy as leerder van die skool uitgeken kan word nie, hierby ingesluit is enige kunsmatige of elektroniese rookprodukte of die gebruik van enige middel met die bedoeling om 'n narkotiese uitwerking te hê of wat sodanige uitwerking kan hê;
- 2.3 Geen leerder sal op die skoolterrein of op enige ander plek, terwyl in die sorg of onder toesig van die skool, of waar hy of sy in skooldrag of enige gedeelte van skooldrag as 'n leerder van die skool uitgeken kan word, in die handeldryf van enige van die stowwe in paragraaf 2.1 en 2.2 hier bedoel en waarvan sodanige handeling regtens verbied word, deelneem nie.
- 2.4 Geen leerder mag die skoolgronde betree of enige skoolaktiwiteit bywoon nadat hy/sy enige tabakprodukt, alkohol of enige ander dwelm, inklusief enige kunsmatige of elektroniese rookmeganisme gebruik het nie.
- 2.5 Terwyl op die skoolwerf of in die sorg of toesig van die skool buite die skoolgronde, enige tabakprodukt, alkohol of enige stof, inklusief enige kunsmatige of elektroniese rookmeganisme wat redelik verdagtig lyk en waarskynlik 'n oortreding van hierdie stipulasie is, sal as dokumentêre bewys gekonfiskeer word. Ingesluit hierby is 'n redelike lyfondersoek sowel as 'n deursoek van besittings en om enige meganisme of toerustingstuk wat verdag lyk, te konfiskeer.
- 2.6 Op voorwaarde dat geen ongemagtigte lyfondersoek of deursoek van besittings plaas vind nie. Deursoek en/of konfiskering van besittings wat regtelik gedoen mag word sonder 'n ouer se toestemming, word nie deur hierdie klousule affekteer nie.

3. ONWELVOEGLIKE OF AANSTOOTLIKE MATERIAAL

- 3.1 Terwyl op die skoolterrein, of in die sorg of onder toesig van die skool buite die skoolterrein, of enige openbare plek, hetsy in skooldrag of nie, en uitkenbaar is as 'n leerder van die skool, sal geen leerder:
 - 3.1.1 In besit wees van enige materiaal, ongeag die vorm waarin dit mag voorkom, wat onwelvoeglike of aanstootlike inhoud bevat nie of dit op enige wyse vervaardig of versprei of by die vervaardiging of verspreiding daarvan betrokke wees nie;
 - 3.1.2 Op enige wyse enige toerusting van die skool gebruik vir die verkryging of vervaardiging of verspreiding van enige onwelvoeglike of aanstootlike materiaal nie;
 - 3.1.3 Enige toerusting van die skool op enige wyse gebruik om toegang tot onwelvoeglike of aanstootlike materiaal te verkry nie, ongeag of dit deur bemiddeling van 'n elektroniese apparaat of enige ander wyse is nie;
 - 3.1.3.1 Met dien verstande, elke leerder by toetreding tot die skool en elke leerder wat by inwerkingtreding van hierdie Gedragskode reeds 'n leerder aan die skool is, sal deur skriftelike kennisgewing aan sodanige leerder en sy of haar ouers of voogde, ingelig word dat die skool 'n instansie is wat om redes van finansies, aanspreeklikheid, sekerheid, herstelwerk of enige ander tegniese gronde van tyd tot tyd die inhoud of kommunikasie van enige toerusting kan ondersoek of moniteer,

- 3.2 Geen leerder wat by die vervaardiging en/of verspreiding en/of besit van materiaal, soos bedoel, betrokke is, sal nie die skool op enige wyse hoegenaamd of enige leerder of enige personeellid op enige wyse daarby betrek nie, ongeag of sodanige leerder in die sorg of onder toesig van die skool is of nie, of op of van die terrein is of nie.
- 3.3 Terwyl op die skoolterrein of in die sorg of toesig van die skool buite die skoolterrein, sal enige stuk of toestel wat redelikerwys vermoed word 'n oortreding ingevolge hierdie bepaling uitmaak of vir 'n oortreding, soos bedoel, gebruik is of word in besit geneem word as bewysmateriaal. Ingesluit hierby is die redelike deursoeking van persoon en eiendom en inbesitneming van enige sodanige stuk of toestel wat in hierdie bepaling bedoel word.
- 3.3.1 Met dien verstande, geen ongemagtigde deursoeking van persoon of eiendom sal plaasvind nie. Deursoekings en beslagleggings wat regtens sonder ouerlike toestemming uitgevoer mag word, word nie hierdeur geraak nie.

4. SKOOLBYWONING

- 4.1 'n Leerder is verplig om die skool op elke skooldag tydens die vasgestelde skoolure by te woon en om betyds te wees volgens die voorgeskrewe tye wat die skool sal begin;
- 4.2 'n Leerder mag nie gedurende die vasgestelde skoolure uit 'n klas afwesig wees of die skoolterrein sonder toestemming van die aangewese personeel, in par 4.2.1 tot 4.2.3 hieronder aangedui, verlaat nie:
- 4.2.1 Klasverlating sal met toestemming van die betrokke register-, vak- of plaasvervanger-onderwyser wees;
- 4.2.2 'n Volle periode afwesigheid met toestemming van minstens die register- en/of vakonderwyser;
- 4.2.3 Terreinverlating met toestemming van minstens die aangestelde personeellid.
- 4.3 By periode afwesigheid, ook terreinverlating, wat die uitwerking het dat 'n leerder by ander periodes afwesig sal of kan wees, moet die toestemmingsbrief deur al die betrokke vakonderwysers geteken word voordat toestemming verleen sal word en sodanige toestemming moet in 'n register by die ontvangskantoor aangeteken word. Met dien verstande, hierdie bepaling het nie enige beperking op die bevoegdheid van die Skoolhoof of enige gedelegerde om enige afwesigheid te magtig nie.
- 4.4 Wanneer 'n leerder weens siekte of ander grondige redes verhinder word om die skool by te woon, moet die leerder, na gelang van die geval, 'n brief van sy of haar ouer of voog of 'n mediese sertifikaat, waar van toepassing, uitgereik deur 'n persoon wat sodanig bevoeg is en wat by een van die wetlike erkende mediese verenigings in Suid-Afrika as lid registreer is, aan die registeronderwyser op die eerste skooldag na sodanige afwesigheid besorg.
- 4.5 'n Leerder wat laat kom moet dit by die sekretaresse aanmeld, voordat hy of sy terug klaskamer toe gaan, sodat dit op die afwesighedsregister reggestel kan word, en van die sekretaresse 'n nota, wat dit bevestig, vir die onderwyser ontvang.
- 4.6 Skoolbywoning tydens eksamens, uitgesonderd mediese sertifikate, sal dieselfde reëls geld as wat in par 4.1 en 4.2 hierbo genoem is. Vervolgens:
- 4.6.1 Wanneer 'n leerder afwesig is, word 'n mediese sertifikaat, soos in par 4.4 hierbo beskryf, vereis. Met dien verstande, dit sal ook die dae wanneer die leerder nie skryf nie, dek;

- 4.6.1.1 Bloktyd vir Graad 12 leerders wat nie die vorige kwartaal se eksamen gedruip het nie of nie meer as 100 detensiepunte opgehoop het nie, word volgens die voorskrifte van die Skoolhoof toegelaat;
- 4.6.1.2 Graad 10 en 11-leerders sal slegs by die huis kan studeer indien die ouer of voog met kennis aan die Skoolhoof skriftelike toestemming aan die leerder gee en onderneem om sekere verpligtinge, soos deur die Skoolhoof bepaal word, na te kom. Met dien verstande, slegs leerders wat nie die vorige kwartaal gedruip het nie of nie meer as 100 strafpunte het nie, sal hiervoor kwalifiseer;
- 4.6.1.3 Geen bloktyd of tuisstudie word aan Graad 8- en 9-leerders verleen nie en geen toegewing sal gemaak word nie.

5. SPORT

- 5.1 'n Leerder wat om enige rede nie 'n sport of ander aktiwiteits-oefening op 'n bepaalde dag of dae kan beoefen nie, moet 'n brief van die ouer of voog voor of op die betrokke dag of dae aan die betrokke sportafrigter voorsien. Met dien verstande, waar vrystelling van sport of ander aktiwiteitsoefening vir langer as veertien dae sal wees, moet 'n mediese sertifikaat, soos voorgeskryf in par 4.4, sodanige brief vergesel.
- 5.2 Waar die tydperk van onvermoë vir deelname aan sport of ander aktiwiteite eers later blyk langer te wees as wat in die aanvanklike brief voorsien is, moet 'n verdere brief aan die betrokke sportafrigter voorsien word. Geen mediese sertifikaat sal nodig wees indien die aanvanklike en bykomende tydperke hier nog nie die veertien dae tydperk oorskry nie.

6. SKOOLGEBOU EN ANDER GERIEWE

6.1 Geen leerder sal-

- 6.1.1 Sonder toestemming voor skool, tydens pouses en na skool in die skoolgebou wees nie, uitgesonderd Matriekraadslede of leerders wat na hul sluitkaste gaan of vir die een of ander skoolaktiwiteit van klere moet wissel;
- 6.1.2 Enige van die kantore, die personeelkamer, stoorkamers of die afrolkamer sonder toestemming binnegaan nie;
- 6.1.3 Gedurende gewone skoolure in die voorportaal van die skool wees nie, tensy om gegronde rede of met toestemming. Hierby ingesluit is die ordereëling dat 'n leerder wat enige kantoor wil besoek 'n deur, uitgesluit die hoofingang, naaste aan die betrokke kantoor moet gebruik;
- 6.1.4 Enige handeling verrig, ingesluit die aanbring van graffiti, wat die skoolgebou, hetsy binne of buite, of enige gedeelte van die skoolterrein in enige opsig ontsier of enige skade tot gevolg het nie;
- 6.1.5 Enige voertuig van die skool óf bestuur óf redelikerwys toelaat dat dit ongemagtig bestuur word nie;
- 6.1.6 Enige voertuig van die skool, ingesluit busse, bemors nie. Leerders sal daarvoor verantwoordelik wees om elkeen sy of haar besittings en rommel van die voertuig of bus te verwyder en dit netjies en skoon agterlaat;
- 6.1.7 Enige geriewe of toerusting van die skool, met inbegrip van dié vir sport buite skoolure sonder die toestemming van die Skoolhoof of sy gedelegeerde gebruik of betree nie. Hierby ingesluit is die reël dat geen leerder in 'n skoolbus sonder toestemming van 'n busprefek of busbestuurder of toesighoudende onderwyser sal wees nie.

6.2 Elke leerder sal-

- 6.2.1 Sorgsaam in die gebruik van die skoolgebou, geriewe en skoolleidendom, oor die algemeen wees en sal, bo en behalwe om dit netjies en skoon te hou, alle redelike stappe doen om enige skade of moontlike skade daaraan te verhoed en om skade of moontlike skade aan enige personeelid of 'n leerderraadslid te rapporteer, met inbegrip van die skade of poging daartoe deur enige ander persoon;
- 6.2.2 Skoolbanke, aansteekborde en alle ander geriewe in besit of onder beheer van die skool met respek behandel, skoon en in goeie toestand hou en geen handeling verrig wat enige ontsiering of skade aan enige sodanige geriewe tot gevolg het nie; en
- 6.2.3 Kleedkamers en toilette netjies en skoon hou en geen vreemde voorwerpe in die toilette of urinale gooi nie.

7. GEWELD, KRENKENDE OPTREDE, ANDER VERBODINGE, PRIVAAT EIENDOM EN VERVOERMIDDELS

7.1 Geen leerder sal op die skoolterrein of van die skoolterrein terwyl in die sorg of onder toesig van die skool-

- 7.1.1 Enige gedrag, ongeag of dit verbaal of nie-verbaal is, teenoor 'n mede-leerder of iemand anders openbaar wat die uitwerking het of kan hê om krenkend te wees nie, hierby ingesluit is kru-, vloek-, skeltaal of handgebare;
- 7.1.2 Enige geweld, hetsy direk of indirek, teenoor 'n mede-leerder of iemand anders gebruik of enige dreigemente van geweld uiter of op enige ander wyse meedeel of bekendmaak of daarby betrokke wees of dit organiseer nie, met inbegrip van viktimisasie, intimidasie of bakleiery;
- 7.1.3 Ploftoestelle van enige aard, ingesluit enige vorm van vuurwerke, enige vuurwapens, ammunisie, messe, skêre, kamme, speelgoed of enige ander voorwerp waarmee liggaamlike beserings veroorsaak kan word besit, hanteer of versprei nie;
- 7.1.4 Enige daad van rassisme begaan nie;
- 7.1.5 Enige daad van 'n seksuele aard teenoor 'n mede-leerder of iemand anders verrig nie; en
- 7.1.6 Enige handeling teenoor 'n mede-leerder of iemand anders verrig wat seksuele teistering uitmaak nie,

7.2 Geen leerder sal-

- 7.2.1 Op die skoolterrein, waarby enige gedeelte van enige gebou ingesluit is, met rolskaatse of skaatsplanke ry nie;
- 7.2.2 Op enige van die sportvelde of in enige gedeelte van enige gebou met fietse of motorfietsse van enige aard ry of daarmee beweeg nie;
- 7.2.3 Op enige gedeelte van die skoolterrein 'n voertuig bestuur nie. Met dien verstande, voertuie van leerders word buite die skoolterrein parkeer;
- 7.2.4 Op geen gedeelte van die skoolterrein 'n motorfiets bestuur nie, behalwe om die motorfiets voor die Verbruikersstudieklas te parkeer;
- 7.2.5 Op enige stadium fietse op 'n ander plek as in die fietsrakke staanmaak nie;

- 7.2.6 Op die skoolterrein of in enige gedeelte van die skoolgebou of op enige ander plek tydens enige geleentheid waar die skool betrokke is of sodanige leerder die skool verteenwoordig, enige eiendom van iemand anders beskadig, ontsier, besoedel of sonder toestemming verwyder nie.
- 7.2.7 Op die skoolterrein of in enige gedeelte van enige van die geboue rommel laat of mors nie en slegs die voorgeskrewe of aangeduide plekke of houers moet vir die doel gebruik word;
- 7.2.8 Op die speelterrein buite die afgebakende of aangeduide gedeelte(s) speel of wees nie;
- 7.2.9 Op die skoolterrein of in enige gedeelte van enige van die geboue klipgooi of aan rowwe speletjies deelneem of enige ander handeling verrig wat die veiligheid van mede-leerders of enigiemand anders bedreig nie;
- 7.2.10 Op of oor enige omheining op die skoolterrein klim nie;
- 7.2.11 Op die skoolterrein enige blomme pluk óf struik / bome / plante uithaal of beskadig nie;
- 7.2.12 Gedurende skoolure op die skoolterrein of in enige gedeelte van enige gebou, ingesluit klaskamers en eksamenlokale, enige selfoon, MP3-speler, I-pod, tablet of enige ander tipe kommunikasie-, hoor-, speeltoestel of enige ander elektroniese toestel gebruik of in besit hê nie;
- 7.2.12.1 Enige toestel, soos hierbo in par. 7.2.12 genoem, moet sodra die leerder die skoolterrein betree in sy of haar sluitkas, (paragraaf 6.1 Afdeling F), toegesluit word en tot aan die einde van die skooldag daarin toegesluit bly;
- 7.2.13 In skooldrag ryloop nie.
- 7.3 Enige skuldigbevinding aan enige aanklag in 'n strafhof kan die uitwerking hê om tot 'n dissiplinêre ondersoek en moontlike verdere optrede binne skoolverband teen 'n leerder te lei.

8. KLASKAMER EN EKSAMENLOKAAL

Leerders sal in die klaskamer of eksamenlokaal:

- 8.1 Te alle tye respek teenoor onderwysers, toesighouers en mede-leerders toon.
- 8.2 Alle opdragte in verband met akademiese werk, toetse en eksamens nakom en/of nougeset uitvoer.
- 8.3 Verantwoordelik en ondersteunend optree.
- 8.4 Nie hulself of mede-leerders deur swak gedrag of steurende optrede die reg tot onderrig of toets- of eksamenaflegging ontnem nie.
- 8.5 Nie eet of drink nie.
- 8.6 Nie kougom kou nie.
- 8.7 Alle huiswerk en ander tuisopdragte wat ontvang is stiptelik en volledig uitvoer. Geen huiswerk mag van 'n mede-leerder afgeskryf word nie. Met dien verstande, uitgesonder 'n leerder wat weens grondige rede afwesig was. Met verdere dien verstande, so 'n leerder sal enige agterstallige werk op eie verantwoordelikheid en reëling inhaal.

- 8.8 Op geen wyse oneerlik in die antwoord van enige vraestel optree nie en ook geen hulp van enige aard aan 'n mede-leerder verleen om enige gedeelte van 'n toets, vraestel, projek of taak op 'n oneerlike wyse te antwoord nie.
- 8.9 Op enige wyse in besit van enige toets- of eksamenvraestelle of gedeeltes van vraestelle wees nie, of sodanige vraestelle bekom of poog om dit te bekom of op enige wyse by die onregmatige verspreiding van sodanige vraestelle betrokke wees nie.
- 8.10 Geen redelike toegewing vir enige van die verbiedinge genoem in hierdie paragraaf wat met huiswerk, eet of drink in die klaskamer te make het, sal die betekenis hê om te aanvaar dat 'n verbod verval het nie. Toestemming sal steeds telkens verleen of verkry moet word.

9. KLASWISSELING

Leerders sal-

- 9.1 Gedissiplineerde en onberispelike gedrag toon wanneer hulle rye vorm of van klasse verwissel;
- 9.2 In die toegekende tyd wat vir wisseling tussen lesure toegelaat word vinnig, ordelik, in stilte en in enkelgelid beweeg;
- 9.3 By aanduiding van pouse hulle tasse by klasse gaan plaas waar hulle na pouse gaan aantree en les ontvang;
- 9.4 Tydens klaswisseling of tydens pouses of voor of na skool geen tasse of ander persoonlike items in die portaal plaas nie.

10. SKOOL- EN SPORTDRAG

- 10.1 Leerders moet op die tye en in die skool- en sportdrag geklee wees soos bepaal.
- 10.2 Wanneer in skool- of sportdrag, hetsy tydens of na ure op of van die skoolterrein, moet die persoonlike voorkoms, houding en drag van 'n leerder skoon, netjies en sindelik wees;
 - 10.2.1 Die beginsels genoem in par 10.2 is ook van toepassing wanneer 'n leerder die skool in privaatdrag tydens gewone ure bywoon of na-ure besoek of tydens skoolbyeenkomste, hetsy op die skoolterrein of nie, of die skool elders verteenwoordig. Met dien verstande, sodanige kleredrag, bo en behalwe die beginsels hierbo gestel, sal ook aan die gewone betekenis van fatsoenlikheid voldoen.
- 10.3 Reënjasse mag net op reëndae saam met skool- of sportdrag gedra word, ongeag of dit by die skool is of elders waar die skool verteenwoordig word;
 - 10.3.1 Reënjasse mag nie in enige gedeelte van die skoolgebou, klaskamers ingesluit, gedra word nie.
- 10.4 Slegs die skoolbaadjie sal tydens saalbyeenkomste gedra word.
- 10.5 Indien 'n leerder om grondige rede nie die voorgeskrewe skool- of sportdrag kan dra nie, moet 'n skriftelike rede daarvoor minstens op daardie dag aan die Adjunkhoof gedurende die adminlesuur voorsien word. Met dien verstande, slegs 'n geskrif hieroor van die ouers of voogde sal oorweeg word en enige vergunning sal slegs geld vir solank dit redelik in die omstandighede is om weer die voorgeskrewe skooldrag te dra.
- 10.6 Skoene moet altyd skoon en netjies wees.
- 10.7 Alle baadjieknoppe en sakwapen moet netjies aangewerk wees;

- 10.8 Wanneer 'n skooldas gedra word, moet dit in die algemene styl geknoop en altyd netjies opgetrek wees, terwyl die boonste knoop van die hemp vas is;
- 10.9 Gewone kniehoogte skoolsokkies, grys, wat omgevou word vir seuns en enkellengte wit skoolsokkies vir meisies word toegelaat. Seuns mag nie hul sokkies afrol nie, terwyl dogters hul sokkies by die enkel moet omvou;
- 10.10 Slegs gewone swart skoene wat in die algemeen as skoolskoene beskou word, mag gedra word. Die volgende onderskeid vir meisies en seuns sal geld:
- 10.10.1 Vetervasmaak skoene vir seuns, terwyl meisies sowel veter- as bandjiewasmaak skoene mag dra. Slegs swart skoenveters by skoolskoene toegelaat;
- 10.11 Wanneer skoene te klein is of herstel word, moet skriftelike rede daarvoor minstens op daardie dag aan die Adjunkhoof gedurende die adminlesuur voorsien word. Slegs 'n brief van die ouers of voogde sal oorweeg word. Plaasvervangende skoene sal gepas wees en enige vergunning sal slegs geld vir solank dit redelik in die omstandighede is om skoolskoene te vervang of te herstel;
- 10.12 Wanneer 'n leerder kniel met haar bolyf regop mag die skoolrok nie meer as 10 cm bokant die knie wees nie;
- 10.13 Skoolhemde van alle leerders moet ten alle tye by die broek of romp ingesteeek wees;
- 10.14 Seuns moet 'n gewone swart lyfband, sonder geskifte, kentekens, uitspattige gespe en versierings, met hul skool lang- of kortbroek dra;
- 10.15 Die Matriektrui mag onder die skoolbaadjie in die plek van die gewone skooltrui gedra word en mag gedurende die wintermaande op Vrydae onder die baadjie en in die somermaande sonder 'n baadjie gedra word; en
- 10.16 Die amptelike skooldrag word hieronder voorgeskryf en is op elke leerder van toepassing:

DOGTERS - SOMER

Kleurbaadjie (opsioneel, maar verpligtend op Maandae vir saal)

Wit oopknoop kortmouhemp

Donkerblou oortrektrui (mag sonder die kleurbaadjie gedra word)

'n Langmou donkerblou trui mag gedra word, maar slegs saam met die kleurbaadjie

Groen skoolromp of donkerblou langbroek

Wit enkelsokkies saam met die romp en swart of donkerblou sokkies saam met die langbroek

Swart skoene, toeryg- of met enkelbandjie, standaard soolhoogte

Die reënbaadjie mag slegs op reëndae bo-oor die skoolbaadjie gedra word

Dogters met blonde hare mag wit haarlinte of rekkies dra, en donkerkoppe swart of donkerblou

Die eerstespan reënbaadjies mag net op Vrydae en reëndae deur die eerstespanlede gedra word.

DOGTERS - WINTER

Skoolbaadjie en skooldas is verpligtend

Wit toeknoop-skoolhemp

Donkerblou oortrektrui (mag sonder die kleurbaadjie gedra word)

'n Langmou donkerblou trui mag gedra word, maar slegs saam met die kleurbaadjie

Groen skoolromp óf blou skool langbroek

Standaard, swart skoolkouse met romp en swart of donkerblou sokkies met langbroek

Swart skoene, toeryg- of met enkelbandjie, standaard soolhoogte

Die reënbaadjie mag slegs op reëndae bo-oor die skoolbaadjie gedra word

Skoolserp en donkerblou handskoene

Dogters met blonde hare mag wit haarlinte of rekkies dra, en donkerkoppe swart of donkerblou

Die eerstespan reënbaadjies mag net op Vrydae en reëndae deur die eerstespanlede gedra word.

SEUNS - SOMER

Kleurbaadjie (opsioneel, maar verpligtend op Maandae vir saal)

Wit oopknoop kortmouhemp

Donkerblou oortrektrui (mag sonder die kleurbaadjie gedra word)

‘n Langmou donkerblou trui mag gedra word, maar slegs saam met die kleurbaadjie

Grys lang- of kortbroek

Lang grys sokkies

Gewone swart skool met swart veters

Gewone swart lyfband, sonder enige patrone of versierings

Die reënbaadjie mag slegs op reëndae bo-oor die skoolbaadjie gedra word

Die eerstespan reënbaadjies mag net op Vrydae en reëndae deur die eerstespanlede gedra word.

SEUNS - WINTER

Skoolbaadjie en skooldas is verpligtend

Wit toeknoop-skoolhemp

Donkerblou oortrektrui (mag sonder die kleurbaadjie gedra word)

‘n Langmou donkerblou trui mag gedra word, maar slegs saam met die kleurbaadjie

Grys lang- of kortbroek

Lang grys sokkies

Gewone swart skool met swart veters

Gewone swart lyfband, sonder enige patrone of versierings

Skoolserp en donkerblou handskoene

Die reënbaadjie mag slegs op reëndae bo-oor die skoolbaadjie gedra word

Die eerstespan reënbaadjies mag net op Vrydae en reëndae deur die eerstespanlede gedra word.

DIE SKOOLSWEETPAK – Dogters en Seuns:

Die skoolsweetpak mag net volledig gedra word en slegs tydens sportbyeenkomste van die skool of tydens ander geleenthede soos deur die Skoolhoof bepaal.

LIGGAAMLIGE OPVOEDING – Dogters en Seuns:

Skooldsporthemp en swart of donkerblou sportbroek. Hierdie drag word ook vir atletiek gedra. Vir die verskillende sportsoorte word die betrokke drag van daardie sportsoort gedra.

11. HAARSTYL EN VOORKOMS

11.1 DOGTERS

11.1.1 Dogters se hare moet te alle tye netjies en skoon wees.

11.1.2 Dogters met blonde of ligte hare moet slegs wit rekkies/linte in hulle hare dra.
Dogters met donker hare moet slegs swart of donkerblou rekkies/linte in hulle hare dra.
Net gewone haarknippies, sonder patrone, gesiggies of gemengde kleure, word toegelaat.

11.1.3 Wanneer ‘n dogter se hare die baadjie of hempkraag raak, moet dit in ‘n poniestert of vlegsels vasgemaak word.

11.1.4 Poniesterte moet netjies in die middel van die agterkop vasgebind word – nie bo of aan die kant van die kop.

11.1.5 ‘n Kuif moet nie aan die wenkbroue raak nie. Kuiwe moet minstens 10mm bo die wenkbroue wees of weggesteek of langs die kop vasgemaak word.

- 11.1.6 ‘Cornrows’ en koorde (braids), met of sonder verlengings, word toegelaat. Hulle mag nie meer as 5mm wees nie. Cornrows moet parallel met mekaar loop, van die voorkop na die nekholte. Geen patrone in die cornrows nie.
- 11.1.7 Elke koord of ‘cornrow’ moet dieselfde lengte wees en ook dieselfde kleur as die leerder se natuurlike haarkleur.
- 11.1.8 Vlegsels / koorde wat korter as kraaglengte is, moet uit die gesig gehou word, en dié wat lank is, moet agter vasgebind word (sien 11.1.4).
- 11.1.9 Geen ongewone haar,- of styl- of giermodes word toegelaat nie en hare mag nie oormatig kort gesny word sodat die kopvel sigbaar is nie.
- 11.1.10 Hare mag nie gekleur of gebleik word nie. Geen haarprodukte, soos jel of haaropknapper mag gebruik word nie.
- 11.1.11 Naels mag nie oor die vingerpunte steek nie en slegs kleurlose naellak word toegelaat.
- 11.1.12 Geen grimering word met skoolbywoning of met verteenwoordiging van die skool in skooluniform of nie, toegelaat nie.
- 11.1.13 Enige oortreding van bogenoemde reëls in 11.1 sal veroorsaak dat strafpunte op die skool se strafstelsel aangebring sal word en/of ‘n “uniform verbod” ingestel totdat die oortreding reggestel is.

11.2 SEUNS

- 11.2.1 Seuns se hare moet te alle tye netjies en volgens die bestaande skoolnorme en dus die volgende voorskrifte geknip en gestyl wees:
 - 11.2.1.1 Wanneer die bolyf en kop regop gehou word, mag die laagste punt van die hare nie aan die hempkraag raak nie.
 - 11.2.1.2 Van die nek af boontoe moet die hare geleidelik dikker word. Die mat van die hare moet dus die natuurlike kurwe van die kop volg.
 - 11.2.1.3 Die hare langs die kante van die kop mag nie aan die ore raak nie.
 - 11.2.1.4 Die kuif mag nie aan die wenkbroue raak nie.
 - 11.2.1.5 Hare mag nie oormatig kort gesny of geskeer word sodat die kopvel sigbaar is nie.
 - 11.2.1.6 Geen ongewone haar- of styl- of –giermodes, soos “comb-overs”, “schoolboy cut” of “mohawk”, word toegelaat nie.
 - 11.2.1.7 Geen lyne of patrone mag in die hare of wenkbroue gesny word nie.
- 11.2.2 Hare mag nie gekleur of gebleik word nie. Geen haarprodukte, soos jel of haaropknapper mag gebruik word nie.
- 11.2.3 Geen snorre of baarde word toegelaat nie.
- 11.2.4 Bakkebaarde mag nie laer as die middel van die oorskulp strek nie, in besonder die oorgat.
- 11.2.5 Seuns wat skeer, moet dit gereeld doen en mag nie ongeskeerd die skool bywoon, skool toe kom of die skool elders verteenwoordig nie.
- 11.2.6 Enige oortreding van bogenoemde reëls in 11.2 sal veroorsaak dat strafpunte op die skool se strafstelsel aangebring sal word en/of ‘n “uniform verbod” ingestel totdat die oortreding reggestel is.

12. JUWELIERSWARE EN ANDER VERSIERINGS

- 12.1 Ten aansien van juweliersware en ander versierings, geld die volgende:
 - 12.1.2 Met die uitsondering van eenvoudige oorknopies of klein ooringetjies vir meisies, word geen oorkrabbetjies of neusringe, tongknopies, kettings, armbande, ringe en enigiets wat as versiering dien, toegelaat nie. Met dien verstande dat erkende aanduidings wat vir die uitwysing van allergieë en ander mediese toestande gebruik word, gedra mag word.
- 12.2 Geen armkettings, enkelkettings, riempies of vriendskapbandjies, sigbare kettings om die nek en sleutel-kettings ingesluit, word toegelaat nie.
- 12.3 Geen sigbare deurboring (“piercings”) van die vel of ander dele van die liggaam of tatoeërmerke word toegelaat nie.
- 12.4 Slegs lapelwapens deur die skool goedgekeur, mag gedra word.

13. BUITEMUURSE AKTIWITEITE

- 13.1 Wanneer ‘n leerder aan ‘n buitemuurse aktiwiteit van die skool deelneem, is hy of sy verplig om sy/haar verantwoordelikhede ten opsigte van dié betrokke aktiwiteit nougeset na te kom.
 - 13.1.1 Deelname aan enige aktiwiteit gedurende die seisoen kan slegs met grondige rede gestaak word.
- 13.2 Onttrekking aan deelname, ingesluit weens siekte waar dit redelik moontlik is, moet die dag voor die wedstryd by die afripter aangemeld word.
- 13.3 Leerders moet stiptelik op die aangewese tye by die oefeninge en wedstryde opdaag.
- 13.4 Leerders se sportdrag moet netjies, skoon en gepas wees.
- 13.5 Aangesien leerders wat aan sport deelneem of as toeskouers gaan, die skool by wedstryde of sportbyeenkomste verteenwoordig, sal die volgende drag geld:
 - 13.5.1 Hetsy dit op of van die skoolterrein is, moet elke leerder wat aan 'n sport deelneem die amptelike volledige skooldrag of die volledige skoolsweetpak dra.
 - 13.5.1.1 Geen ander hemp as 'n erkende skoolsporhemp van die betrokke sportsoort waaraan hy/sy deelneem mag onder die sweetpak gedra word nie. Met die verstande, dat uitsonderings deur die Skoolhoof gemaak kan word;
 - 13.5.1.2 Leerders wat as toeskouers bywoon, sal in skoolklere, soos voorgeskryf, gaan. Met dien verstande, dat uitsonderings deur die Skoolhoof gemaak kan word;
 - 13.5.1.3 Hierdie reëling geld vir alle leerders, ongeag of 'n leerder met privaatvervoer na die wedstryde reis of nie.
- 13.6 Alle beserings moet onmiddellik aan die onderwyser in beheer gerapporteer word.
- 13.7 Leerders se optrede op die sportveld sal ten alle tye onberispelik wees.
- 13.8 Tydens wegwedstryde is die kaptein daarvoor verantwoordelik dat die kleedkamers en die busse waarin gereis word in ‘n netjiese toestand gelaat word en daar niks van die skool of enige leerder agtergelaat word nie.

14. POLITIEK

- 14.1 Aangesien die skool as instansie a-polities is, sal geen leerder in skoolverband, ongeag of dit op die skoolterrein is of elders waar die skool verteenwoordig word-
- 14.1.1 Aan enige optrede hoegenaamd van enige politieke party of party politieke groep deelneem nie. Hierby ingesluit is buite-parlementêre organisasies, massabewegings of drukgroepe met 'n politieke oogmerk of die aantrek of vertoon van enige kledingstuk of, embleem of teken wat na enige sodanige politieke party, organisasie, beweging of groep verwys.
- 14.1.2 Die skool of enige aspek daarvan by politieke optrede betrek nie.
- 14.1.3 Nie aan enige wegbly- of boikotaksie ten opsigte van skoolbedrywighede deelneem of organiseer nie, hetsy as enkeling of nie.

15. KONTROLE AKTIWITEITE

- 15.1 Elke leerder sal hom of haar aan die volgende kontrole aktiwiteite onderwerp:
 - 15.1.1 Netheidskontrole een maal per week volgens die reëling van die Adjunkhoof met delegasie aan die standerdhoofde of 'n ander onderwyser.
 - 15.1.2 Haarkontrole op die eerste dag van elke kwartaal.
 - 15.1.3 Skoen- en boektaskontrole mag daaglik deur die registeronderwyser onderneem word.
 - 15.1.4 Handboekkontrole een maal per kwartaal deur die vakonderwysers, volgens die reëling van die onderwyser in beheer van handboeke.
 - 15.1.5 Werkboekkontrole minstens een keer elke semester, volgens die reëling van die Skoolhoof.
 - 15.1.6 Enige ander kontroles wat volgens die oordeel van die Skoolhoof of enige vakhoof nodig mag wees, met dien verstande dat enige kontroles nie die uitwerking sal hê om te verhinder dat enige kontrole op enige stadium op enige leerder toegepas kan word nie.

AFDELING F

DISSIPLINÊRE AANGELEENTHEDE

1. INLEIDING

- 1.1 Die belangrikste rolspelers in hierdie dissiplinêre verhouding is ongetwyfeld die leerders. Ouers, Voogde, die Beheerliggaam en die Skoolhoof het wel verpligtinge en bevoegdhede, maar leerders het inderdaad 'n besondere verantwoordelikheid. 'n Verantwoordelikheid om die Gedragskode na te kom en hulle van ongedissiplineerde en algemene wangedrag te weerhou. Leerders wat eerlikheid, ordentlikheid, goeie orde en dissipline uitleef, sal 'n Gedragskode beperk tot wat dit kan wees – 'n geskrif vir die rak;
- 1.2 Opvolgend op die belangrike rol van leerders is natuurlik ouers en voogde. Die Beheerliggaam, die Skoolhoof en onderwysers het geen twyfel dat ouers en voogde hulle kinders om besonder redes na hierdie skool stuur nie. Hier kry hulle die geleentheid om op al die gebiede van skoolopvoeding 'n behoorlike, voorbereidende en bruikbare geleentheid vir die latere lewe te ontvang, waarna altyd terugverwys sal word;
 - 1.2.1 Om hierdie geleentheid maksimaal te kan bied en te kan ontvang, is kinders se optrede by algemene gedissiplineerde gedrag en die nakoming van skoolreëls juis van besondere belang. Om aan ouers en voogde se verwagting te kan voldoen oor waarom hulle kinders hier skoolgaan, is nie net samewerking van ouers en voogde noodsaaklik nie, maar ook ondersteuning. Die skool moet met vrymoedigheid met ouers en voogde in gesprek kan tree wanneer dit nodig is en op hulle optrede en ondersteuning kan staatmaak.
- 1.3 Dit is egter ook gemeensaak dat reëls, bekend as skoolreëls, binne enige skoolverband moet bestaan. Nie net gee dit sekerheid oor optrede of oor strawwe by verkeerde optrede nie, maar het hoofsaaklik ten doel om 'n ordelike en doeltreffende leeromgewing te help skep. As bydrae om in hierdie poging suksesvol te wees, het die Beheerliggaam, Skoolhoof en personeel ook 'n duidelik beskrewe rol;
- 1.4 Die Suid-Afrikaanse Skolewet 1996 (Wet 84 van 1996) verleen bepaalde bevoegdhede ten aansien van 'n dissiplinêre beleid, asook optrede by vermoedelike dissiplinêre oortredings en strawwe by bewys van dissiplinêre oortredings aan die Skoolhoof en Beheerliggaam. Daarom is dit belangrik om daarvan kennis te neem dat:
 - 1.4.1 Die Beheerliggaam statutêr verplig en dus bevoeg is om 'n dissiplinêre beleid vir die skool te ontwikkel, soos wat hierdie Gedragskode dan ook is, asook ander bevoegdhede in hierdie verband;
 - 1.4.2 Die Skoolhoof bepaalde uitvoerende bevoegdhede by dissiplinêre aangeleentheid het;
- 1.5 Die Skoolhoof kan self of deur delegasie operasionele uitvoering aan sy/haar bevoegd-hede gee. Daardie uitvoering kan insluit om 'n aangeleentheid wat onder sy/haar aandag gebring word te ondersoek en by wyse van 'n gepaste strafoptrede daarteen op te tree of om die aangeleentheid na 'n ondersoek na die Beheerliggaam te verwys vir optrede. Die verwysing van 'n aangeleentheid na die Beheerliggaam sal gewoonlik as ernstige wangedrag aangemerkt word waarvoor skorsing of uitsetting 'n oorweging kan wees;
- 1.6 Slegs die Beheerliggaam het die wetlike bevoegdheid om 'n leerder van skoolbywoning te skors. Hierdie oorweging deur die Beheerliggaam sal eers na afhandeling van 'n behoorlike en billike dissiplinêre verhoor plaasvind. Die Beheerliggaam kan 'n leerder in die twee gevalle uit die skool skors:
 - 1.6.1 Of as 'n korrektiewe maatreeël;
 - 1.6.2 Of in afwagting van 'n beslissing van die Onderwyshoof in die Provinsie of 'n leerder permanent uit die skool gesit moet word.

2. STRAWWE WANNEER SKULDIG AAN 'N OORTREDING

Leerders wat skuldig is aan 'n oortreding van enige van die verbodings in hierdie Gedrags-kode, sal na gelang van die erns van die oortreding en in ooreenstemming met die bevoegd-hede wat statutêr aan die SBL of die Skoolhoof en deur delegasie aan sy onderwyspersoneel verleen word, gestraf word. Enige ernstige oortreding kan ook met skorsing en/of uitsetting gestraf word en die prosedure soos vervat in paragraaf 3, sal gevolg word;

2.1 Ingevolge die Skolewet (Wet 84 van 1996) word die volgende met *skorsings* en *uitsetting* bedoel:

2.1.1 Met “*skorsing*” word bedoel dat 'n leerder ooreenkomstig die Skolewet vir 'n tydperk van tot vyf skooldae per keer, verbied kan word om skool by te woon, wat, soos genoem in die Beheerliggaam gesetel is;

2.1.2 Met “*uitsetting*” word bedoel die permanente uitsit van 'n leerder uit die skool, wat in die Provinsiale Hoof van Onderwys gesetel is.

2.2 VOORBEELDE VAN ERNSTIGE WANGEDRAG

As gevolg van die erns van strafoptrede soos skorsing en/of uitsetting, sal wangedrag wat in hierdie strafmaatreëls oorweeg word vanselfsprekend ernstig wees. Die volgende is voorbeelde van ernstige wangedrag:

2.2.1 Growwe onbeskoftheid of soortgelyke gedrag;

2.2.2 Die besit, dreigement of gebruik van 'n gevaarlike wapen of gedrag wat die veiligheid van andere in gevaar stel;

2.2.3 Onder die invloed van, of in die besit van, of die gebruik, oorhandiging of handeldryf in dwelmmiddels of alkohol;

2.2.4 Bakleiery, aanranding of godslastering;

2.2.5 Bedrog of bedrieglike voorstelling;

2.2.6 Haatspraak, seksisme, seksuele teistering, onsedelike gedrag of rassisme;

2.2.7 Diefstal of besit van gesteelde eiendom;

2.2.8 Vandalisme;

2.2.9 Geweld of dreigemente van geweld teenoor 'n onderwyser of leerder;

2.2.10 Herhaaldelike wangedrag;

2.2.11 Bepaalde vorms van gedrag, binne of buite skoolverband, wat as gevolg van die erns daarvan tot 'n skuldigbevinding in die strafhof lei;

2.2.12 Intimidasie;

2.2.13 Kullery in toetse of eksamens;

2.2.14 Ernstige bedreiging of ontwrigting van die leer- of onderrigproses;

2.2.15 Belastering of aantasting van die waardigheid van 'n onderwyser of die skool as instansie of 'n ander persoon;

2.2.16 Besit, vervaardiging of verspreiding van onwelvoeglike of aanstootlike materiaal;

2.2.17 Onder die invloed van alkohol of verbode middels op of van die skoolterrein tydens 'n skoolaktiwiteit;

2.2.18 Herhaaldelik sonder verlof van die skool en/of klasse afwesig is;

2.2.19 'n Leerder wat op 'n skandelige, onbehoorlike of onbetaamlike wyse optree.

3. PROSEDURE BY SKORSING EN/OF UITSETTING VAN LEERDERS

- 3.1 Waar dit onder die aandag van die Beheerliggaam kom dat die gedrag van 'n leerder sodanig is dat dit as ernstige wangedrag beskou kan word en sulke gedrag afbreuk sal doen aan die belange van die skool indien daar nie dissiplinêre maatreëls toegepas word nie, moet die Beheerliggaam:
- 3.1.1 Die leerder en sy/haar ouers/voogde skriftelik van die wangedrag en voornemende optrede in kennis stel. Hierdie kennisgewing sal die gronde, wat in die vorm van 'n klagskrif vervat is, met verduideliking van regte en prosedure uiteensit;
- 3.1.2 'n Vergadering deur 'n komitee van die Beheerliggaam, in die vorm van 'n dissiplinêre-verhoor met die toepaslike prosedure van pleite, getuienislewering, kruisondervraging en ander verrigtinge, word deur die Beheerliggaam belê waartydens aan die betrokke leerder en/of sy/haar ouers/voogde of ander persoon wat regtens as verteenwoordiger kan optree, die geleentheid gebied word om mondelinge of skriftelike verhoë te rig waarom die leerder nie uit die skool geskors of gesit behoort te word nie;
- 3.1.3 Na aanhoor van al die relevante getuienis, argument en verhoë, word op die feite oorweeg of die leerder vir 'n tydperk van hoogstens vyf skooldae as korrektiewe maatreël geskors moet word en/of besluit om by die Hoof van die Onderwysdepartement aan te beveel dat die leerder permanent uit die skool gesit word;
- 3.2 Waar die Beheerliggaam by die Hoof van die Onderwysdepartement aanbeveel dat 'n leerder uit die skool gesit word, word sodanige leerder in afwagting van daardie besluit nie toegelaat om die skool by te woon nie;
- 3.3 Wanneer die Beheerliggaam besluit om 'n leerder te skors en/of uitsetting by die Hoof van die Onderwysdepartement aan te beveel, moet die ouers of voogde van so 'n leerder skriftelik en met verskaffing van redes daarvoor ingelig word.

4. UITSLUITING VAN SOSIALE AKTIWITEITE EN DIE STRAFPUNTESTELSEL

- 4.1 Bo en behalwe strawwe soos skorsing en/of uitsetting het die Skoolhoof of sy gedelegerde ook bevoegdheid om 'n leerder wat aan wangedrag skuldig is van deelname aan en/of bywoning van sosiale aktiwiteite van die skool uit te sluit of om ingevolge die Strafpuntestelsel (SPS) of 'n kombinasie van hierdie strafvorms op te tree.
- 4.2 Ingevolge die SPS kan leerders strafpunte in verhouding met die erns van die oortreding ontvang.
- 4.2.1 Ingevolge die SPS sal 'n leerder vir elke 50 punte wat opgeloop het een detensieklas na skool sit. Detensieklas is op Dinsdae en Vrydae direk na skool en daaglik gedurende die eksamen vanaf 12:15–13:00. Ouers of voogde sal van detensies in kennis gestel word. Ouers of voogde van leerders wat detensie sit, is self verantwoordelik om vervoerreëlings te tref. Leerders wat van die bus gebruik maak, sal nie van detensie kwytgeskeld word nie.
- 4.2.2 Volle besonderhede en die werking van die SPS word met die leerders bespreek en in elke klaskamer is 'n stel reëls en 'n tabel met die toepaslike strafpunte beskikbaar.
- 4.2.3 As 'n leerder meer as 200 strafpunte teen sy/haar naam het, sal 'n strengere straf uitgedien word en mag dalk na die SBH vir verdere hantering verwys word.

- 4.2.4 Leerders wat meer as 200 strafpunte op die stelsel het, sal nie toegelaat word om vir 10 weke enige skoolfunksie of aktiwiteit by te woon nie.
- 4.2.5 'n Graad 12-leerder wat meer as 400 strafpunte op die stelsel het, sal nie die Matriek-afskied mag bywoon nie.
- 4.2.6 Skoolhoofdetensie sal elke tweede Saterdag vanaf 08:00-12:00 gehou word. Hierdie sal deur leerders wat nie op 'n Dinsdag- of Vrydagnamiddag opgedaag het nie, of meer ernstige oortredings begaan het, bygewoon word.
- 4.2.7 'n Leerder wat skuldig bevind word aan baklei, in besit wees, of onder die invloed van alkohol, tabakprodukte, dwelms of enige ander verbode middel, sal nie enige skoolfunksie of aktiwiteit vir die hele jaar nadat hy/sy skuldig bevind is, bywoon nie.

5. ALGEMENE ORDEREËLS

- 5.1 Dit is belangrik om daarvan kennis te neem dat daar, bo en behalwe formeel beskrewe reëls ook algemene ordereëls bestaan wat juis met doeltreffende organisasie, veiligheid van leerders, dissipline en die goeie dag tot dag orde in die skool te make het.
- 5.2 Hierdie ordereëls wat deel van die daaglikse praktyk in die skool is, hetsy in 'n klaskamer, hetsy op of van die skoolterrein waar die skool aan die een of ander aktiwiteit deelneem, word juis as gevolg van praktiese vereistes, soos nodig verander, verwyder of bygevoeg.
- 5.3 Hierdie ordereëls, hetsy dit as klasreëls bekend staan of nie, kan in geskrewe vorm wees of mondelinge meedelings wees.
- 5.4 As gevolg daarvan dat dit opdragte is wat redelikerwys in verband met die skool staan en deur die Skoolhoof of sy gedelegeerde uitgereik is, sal dit deur elke leerder op wie dit toepassing het nagekom of uitgevoer word.
- 5.5 Die opdragte in hierdie ordereëls vervat is 'n inherente bevoegdheid waaroor die Skoolhoof en onderwysers beskik en enige verontagsaming daarvan is 'n verontagsaming van 'n bevoegde opdrag, soos in die Skoolreëls vervat is, wat tot tugstappe kan lei.

6. SELLULÊRE TELEFONE (SELFONE) EN ANDER TOESTELLE

- 6.1 Leerders kan hul selfone of ander toestelle, soos in Afdeling E par 7.2.12 voorheen genoem, by die skool in spesiale sluitkaste wat teen R100.00 per jaar gehuur kan word, in veilige bewaring plaas. Die huur is vooruitbetaalbaar en 'n sleuteldeposito van R25 sal vereis word.
- 6.2 Indien 'n leerder 'n dringende oproep moet maak, kan dit teen R2,00 by die kantoor gereël word. Indien 'n leerder dringend gekontak moet word, kan die ouer of voog die kantoor by 028-312 3760 skakel en die leerder sal kantoor toe geroep word.
- 6.4 Die volgende strawwe sal geld indien enige selfoon of ander toestel by 'n leerder gevind word:
- 6.4.1 1^{ste} Oortreding: Die selfoon met simkaart of ander toestel sal afgeneem en in 'n plastieksak met die naam en handtekening van die leerder vir een week in die skool se kluis gebêre word. Hierdie toestel mag slegs na 5 skooldae vanaf 08:15 tot 14:15 by die kantoor afgehaal word.

- 6.4.2 2^{de} Oortreding: Selfoon met simkaart of ander toestel word afgeneem en in die skool se kluis vir een kalender-maand of tot aan die einde van die betrokke kwartaal (watter een ook eerste kom) gebêre word. Slegs die ouer/voog mag die toestel by die kantoor kom afhaal.
- 6.4.3 3^{de} Oortreding: Dieselfde straf soos vir 'n 2^{de} oortreding en 'n bykomende boete van R100,00 voordat die selfoon of ander toestel oorhandig sal word.

7. ALGEMEEN


- 7.1 Die Skoolhoof het die reg om enige dissiplinêre stappe wat redelik binne sy bevoegdheid is, te neem, hierby inbegrepe die verwysing van enige dissiplinêre aangeleentheid of aksie na die Beheerliggaam;
- 7.2 Hierdie Gedragskode sal jaarliks deur die Beheerliggaam hersien word. Met dien verstande, die Beheerliggaam die bevoegdheid het om intussen, op enige stadium, enige dissiplinêre reël hierin, na konsultasie met die personeel, ouers/voogde en leerders te verander, by te voeg of uit te brei.
- 7.3 As gevolg daarvan dat dit onmoontlik is om alle vorme of voorkoms van wangedrag te voorsien, is verbiedinge in hierdie Gedragskode nie absoluut nie en enige wangedrag of handeling wat op sig as wangedrag aangeslaan kan word, sal op die meriete daarvan volgens die gewone beginsels van redelikheid by oorweging van verdere optrede oorweeg word.
- 7.4 Die Skoolhoof of sy gedelegerde het, waar toepaslik en redelik vir bepaalde skoolaktiwiteite, die bevoegdheid om verslapping van 'n reël of reëls in hierdie Gedragskode ten aansien van enige leerder of al die leerders toe te laat. Met dien verstande, sodanige verslapping sal nie deur enige leerder vertolk kan word as gronde vir verontagsaming of weiering om sodanige reël of reëls in die toekoms na te kom of uit te voer nie.
- 7.5 Hierdie Gedragskode is die amptelike Dissipline Beleid van die Beheerliggaam vir die skool en vervang alle vorige Gedragskodes.

AFDELING G

SLOTOPMERKING

Omdat die Hoërskool Hermanus en die gemeenskap waarbinne die skool funksioneer, 'n regmatige verwagting het om trots te wees op die optrede, voorkoms en prestasies van ons leerders, is dit elke leerder se plig om te alle tye so op te tree om aan hierdie verwagting te voldoen.

Geteken op die _____ dag van _____ 20.....


G. HASSENKAMP
SKOOLHOOF

R SMITH
BEHEERLIGGAAM : VOORSITTER